

Wen Moedersdagprys



Kleuterkasteel het iemand se hart baie gelukkig gemaak hierdie Moedersdag. 'n Gelukkige trekking het Vrydag by die skool plaasgevind nadat alle lootjies wat verkoop is in 'n sak gegooi en 'n wenner getrek is. Baie geluk aan Rita Keogh wat met hierdie yslike groot Moedersdagprys weggestap het. Op die foto verskyn agter: Bokkie Myburgh en Jessie Groenewald. Voor: Rita Keogh en Micayla Keogh. Kleuterkasteel bedank hulle borge wat dit vir hulle moontlik gemaak het om so 'n pragtige geskenkpakke te kon opmaak, en aan al die ouers vir die verkoop van kaartjies, dit was 'n groot sukses!

Ontvang sportsakke




Die o/13 rugbyspan van Hoërskool Heilbron het hulle sportsakke vir die rugbyseisoen vanaf Pannar ontvang. Die trotse rugbyspelers is van voor: Riaan Joubert en Gerhard Lourens. Middell: AJ Mouton, Rele Mokoena, Abrie Grobler en JC Potgieter. Agter: Bees Brits, Brendon Kotzé, Luttig Roux, Wynand du Plessis, Tiaan Brits, André Viviers, Marnus Labuschagne, Yullin Willemse en Gerhard Nel (vertegenwoordiger van Pannar).

Kontantprys wenner

Kleuterkasteel Heilbron

Hennie Viviers, 'n kleuter by Kleuterkasteel, het die prys gewen vir die meeste kaartjieverkope vir die Moedersdaggeskenk. Hy het altesaam 84 kaartjies gekoop en is aangewys as die wenner van die kontantprys. Baie geluk Hennie!



Gekies vir Valke rugbyspan



Rugbyman, Tiaan Brits, van Hoërskool Heilbron is gekies vir die Valke B-rugbyspan. Tiaan gaan aan die toernooi gedurende 12 en 15 Junie in Potchefstroom/Klerksdorp deelneem. Hy speel môre 'n wedstryd in Welkom en op 25 Mei in Ermelo.

Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

Herald
Office National
Stationery • Technology • Office furniture and more...

OUR NEW OFFICE PRODUCTS CATALOGUE JUST DROPPED!

MORE
FROM JUST 15 PERCENT

Stand a chance to WIN 1 of 3 Pilot stationery hampers

GET THE NEW OFFICE PRODUCTS CATALOGUE & A PILOT PERMANENT MARKER FREE

Stand a chance to win one of 3 Pilot stationery hampers!

HOW TO ENTER:
1) GET IN TOUCH WITH YOUR NEAREST OFFICE NATIONAL OUTLET
2) GET YOUR FREE CATALOGUE
3) POST A SELFIE WITH YOUR CATALOGUE ON OUR FACEBOOK PAGE
FROM TUESDAY 7TH MAY - FRIDAY 24TH MAY

U EEN STOP WINKEL

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30
Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

Elsstraat 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140

heraldnuus@heilbron.co.za

Herald



NOU... SLEGS R300!

Laai die hele gesin in vir slegs R300

Drive in 31 Mei

Bring jou eie Piekniekmandjie



Hekke open om 18:00 Hoërskool Heilbron rugbyveld
www.varslugteks.co.za

Elke voertuig ontvang 'n verwelkomingsak gevul met talke adverteerders aanbiedinge asook bederwe.

KONTAK | 0828546469
SLEGS 100 KAARTJIES BESKIKBAAR

HOËRSKOOI HEILBRON, KWARTAALPROGRAM

17 Mei
Prim. ATKV Redenaars (Kroonheuvel)

21 Mei
Sek. hokkie: H/S Riverside (weg)

23 Mei
Sek. Netbal: Rondomtalie
Prim. Netbal: Lumiere (weg)
Sek. Rugby: Phoenix (weg)
Sek. Hokkie: Sun Crest (tuis)

25 Mei
Hoërskool Heilbron Wintersportdag

27 Mei
Sek. Netbal: Liga Finale (SHS)

29 Mei
Sek. Hokkie: Vanderbijlpark (weg)